

Die heerlikheid van die Seun van God

Die gelowiges in Rome moes vasstaan onder geweldige vervolging. Hulle verhouding met God het verflou. Hulle swaarkry het daartoe bygedra dat hulle God se liefde en die waarheid van sy beloftes betwyfel het. Hulle was teleurgesteld. Hulle het meer van die heerlikheid van Christus verwag. Waarom red Hy hulle nie uit hulle swaarkry nie?

In die verlede het God baie keer en op baie maniere met hulle voorvaders gepraat deur die profete. Die gelowiges in Rome was bevoorreg. God het Homself reeds in hulle tyd ten volle deur sy Seun bekend gemaak. Na die Seun het geen profete meer gesprek nie. Selfs die Heilige Gees het nie verdere openbaringe gemaak nie. Die Heilige Gees maak ons harte oop. Hy lei ons om te fokus op alles wat Christus vir ons gedoen het en steeds besig is om te doen.

God het deur sy Seun die hele wêreld gemaak. Sy Seun onderhou die ganse skepping deur sy krag. Hy beweeg alle dinge na hulle eindbestemming.

Christus is die afdruksel van die wese van God. Hy is volkome aan God gelyk en tog het Hy 'n bestaan van Homself. Hy is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie (Kol 1:15). In sy Woord leer ons Hom ken en liefhê, al het ons Hom nie gesien toe Hy op aarde was nie. Die Heilige Gees versterk ons wankelende geloof deur die Woord.

Die Vader het Christus van ewigheid af as erfgenaam van alles aangestel. Ons erf saam met Hom. Christus het sy verlossingswerk afgehandel. Hy het ons gereinig van alle sondes. Hy sit aan die regterhand van God. Met Christus se wederkoms sal ons vry van sondes sy heerlikheid ingaan. Niks sal ons ooit van God en sy liefde skei nie (Rom 8:16 ev).

In tye van swaarkry en intense worsteling het ons die versekering dat Christus vir ons bid. Hy tree vir ons in. Hy bid dat ons geloof sal hou. Hy dra ons deur die lewe. Hy dra ons ook deur swaarkry heen. Deur alles wat ons deurmaak, berei Hy ons voor vir die oorgang tot die ewige heerlikheid (2 Kor 4:16 – 5:10). Met sy wederkoms sal ons as volmaaktes God Drie-enig ewig prys.

Sing: Psalm 73:10, 11, 12 (1936)

Ds WP van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)